



‘n Nuwe era in Landboukrediet

Wat bied Orbi Serve die Boer?

- Orbi Serve bied aan Boere die geleentheid om 'n kredietfasiliteit te bekom wat nie inmeng met die bestaande fasiliteite van die Boer nie
- Orbi Serve neem nie vaste bates soos grond en geboue of roerende bates soos toerusting as sekuriteit nie
- Orbi Serve neem 'n sessie oor 'n deel van die oes wat genoeg is om die krediet wat verleen is terug te betaal – ons neem dus nie die hele oes nie
- Die kredietaansoek word deur 'n versekeringsmakelaar/agent afgeneem, en hoef die Boer nie self vorms te voltooi nie

Wat is die voordele vir die Boer?

- Die kredietkoste is uiters mededingend en is tans so laag as prima minus 2,5%. Indien die Boer die Orbi Serve fasiliteit oordeelkundig bestuur kan dit nog laer wees
- Kredietkoste word enkelvoudig bereken vir die hele krediettermyn
- Die kontantvloei van die Boer verbeter want die krediet word eers met oestyd terugbetaal
- Vinnige verwerking van die kredietaansoek en die uitslag behoort binne 15 tot 20 werksdae bekend te wees
- Die Boer word nie “gebind” met verbande op grond en roerende bates nie
- Die krediettermyn word deur die Boer self gekies en kan wissel van 120 to 270 dae
- Die Boer kan bykomende kredietfasiliteite bekom, met behulp van Orbi Serve
- Die OESBONUS is die sleutel tot laer kredietkoste wat Orbi Serve aanbied

Hoe werk die kredietmodel?

- Oesversekering moet uitgeneem word vir gewasse, behalwe grondbone en lusern onder besproeiing (haelpolis of in sommige gebiede 'n inkomstewaarborgpolis)
- Krediet word verskaf vir kunsmis, saad, chemikalieë, oesversekeringspremies, diesel en huur van lande
- Rygewasse, soos mielies, koring, sonneblom en sojabone geplant onder droëland en besproeiing
- Onder besproeiing alleen - pekanneute, lusern en grondbone
- Krediet word slegs aan regsentiteite toegestaan (Maatskappye, Trusts en BK's)
- Die finansiële state moet 2.5 keer se ekwiteit (kapitaal / behoue inkomste / herwaardasie reserwes) aandui vir elke Rand se krediet wat aansoek voor gedoen word. Byvoorbeeld vir R4 miljoen se krediet moet daar R10 miljoen se ekwiteit op die besigheid se balansstaat wees
- Insette word aangekoop vanaf Insetverskaffers wie vennote is op die Orbi Serve platvorm. (Die lys verskyn op die Orbi Serve webwerf (www.orbiserve.co.za) onder die opskrif “vennote”)
- Die Boer bemark en verkoop die produkte wat geproduseer word na eie keuse maar Orbi Serve registreer 'n sessie by die koper daarvan. Die Boer moet, vir somergewasse, teen 01 Mei, en vir wintergewasse, teen 01 Oktober genoeg produk prys om al die krediet mee terug te betaal



OESBONUS

- Boer betaal 10% van goedgekeurde krediet-limiet as kontant kollateraal wat deur Orbi Serve in 'n 90-dae kennisdeposito rekening by Investec Bank belê word
- Rente van 6,8% word tans daarop verdien
- Orbi Serve voorsien 1,5% van elke Rand se krediet wat opgeneem word as 'n OESBONUS aan die Boer
- Die opbrengs op die 10% kollateraal is tans 26% op 'n jaar basis
- Sou die OESBONUS aangewend word om die kredietkoste te verlaag is die effektiewe kredietkoers tans so laag as prima minus 2,5%
- Insetverskaffers se fakture word ten volle betaal begin vanaf 01 Oktober vir somergewasse en 01 Mei vir wintergewasse – betalings geskied weekliks
- Omdat die Insetverskaffer se betalings ten volle gewaarborg is en vroeër gemaak word gee dit die Boer die geleentheid om te beding
- Orbi Serve vra die Boer 'n kredietkoste wat afgelei is van prima en enkelvoudig bereken word
- OESBONUS val eers toe aan die Boer wanneer die uitstaande krediet volledig en op tyd terugbetaal word – indien nie, verloor die Boer die OESBONUS

Minimum vereistes?

- Orbi Serve doen net met regsentiteite sake, dit is Maatskappye, BK's en Trusts
- Die regsentiteit moet 2.5 keer die ekwiteit op die balansstaat toon vir die krediet waarvoor aansoek gedoen word
- Die minimum kredietbedrag waarvoor aansoek aangedoen kan word is R1 miljoen vir pekanneute, grondbone en lusern en R2 miljoen vir rygewasse (mielies, sojabone, sonneblomme, koring)
- Oesversekeringspolis (uitgesonder grondbone en lusern onder besproeiing)
- Drie jaar se historiese oesopbrengs data

Belangrike punte om van kennis te dra

- Kwalifiserende insette word aangekoop van deelnemende Insetverskaffers op die Orbi Serve platform
- Orbi Serve neem 'n sessie op die oesversekering. Alle eise uitbetalings word aangewend om die krediet wat reeds opgeneem is terug te betaal. Sou skade vroeg voorkom, en daar kan nog oorgeplant word met nuwe versekeringsdekking, kan Orbi Serve oorweeg om die eis se uitbetaling aan te wend om Insetverskaffers te betaal vir nuwe insette om mee oor te plant
- Orbi Serve neem 'n sessie oor 'n deel van die oes, maar nie die hele oes nie, slegs genoeg om die krediet terug te betaal
- Orbi Serve teken 'n sessie aan by koper van die produkte, wie dan die geld direk aan Orbi Serve betaal
- Waar betalings direk in die Boer se bankrekening gemaak moet word, kan dit oorweeg word

Terugbetaling van die krediet:

- Orbi Serve gee korttermyn krediet vir 'n maksimum van 270 dae
- Geen vaste bates of roerende bates word as sekuriteit geneem nie, daarom kan Orbi Serve nie oorlaatskuld of uitstel betalings akkommodeer nie
- Die krediet is terugbetaalbaar voor of op die terugbetaaldatum, GEEN uitstel of oorlaat kan gereël word nie



Verdere belangrike punte

- Orbi Serve verskaf ook krediet vir insette vir pekanneute, lusern en grondbone wat onder besproeiing verbou word. In hierdie gevalle is oesversekering nie 'n vereiste vir lusern en grondbone nie
- Kommunikasie deur ons klant na en van Orbi Serve geskied deur die Makelaar of Agent
- Wat Oesversekering aanbetref is slegs 'n haelpolis nodig, behalwe onder sekere omstandighede en in sekere produksiegebiede waar 'n Inkomstewaarborg-polis vereis mag word
- Orbi Serve betaal namens ons klant die Insetverskaffers, daarom moet die fakture deur ons klant afgeteken wees om te bevestig al die insette is bevredigend ontvang
- Orbi Serve stuur maandeliks 'n staat van die krediet opgeneem aan ons klant - hierdie staat dui die gekapitaliseerde kredietkoste vir elke betaling wat namens ons klant gemaak is aan tot die terugbetaaldatum. Sou die krediet vroeër terugbetaal word, word daar krediet gegee vir die kredietkoste wat aanvanklik bereken is
- Orbi Serve stuur ook maandeliks 'n staat wat die kollaterale deposito en die rente verdien daarop sowel as die OESBONUS wat verdien is aandui
- E-pos kommunikasie word gestuur aan info@orbiserve.co.za

Wat is die kostes?

- Orbi Serve vra 'n fasiliteitsfooie van 2% (BTW uitgesluit) wat uit die kredietfasiliteit betaal word
- Orbi Serve hef 'n kredietkoste wat van prima afgelei is en enkelvoudig bereken word
- Die OESBONUS verlaag egter die effektiewe kredietkoste tans na prima minus 2,5% en dit kan moontlik selfs laer wees

Watter sekuriteit word geneem?

- Die klant en Orbi Serve teken 'n Meester fasilitering- en kredietooreenkoms
- Die klant teken 'n skulderkenning met Orbi Serve
- Sessie van oes, slegs spesifieke lande op spesifieke plase
- Algemene sessie
- Sessie van die opbrengs van Oesversekering eise
- Borgstelling(s) deur enige partye direk verwant aan die regsentiteit met wie Orbi Serve sake doen, byvoorbeeld direkteure en / of aandeelhouders as dit 'n maatskappy is, trustees wat begunstigdes is in geval van 'n trust of lede van 'n BK
- Afstanddoening van die oes deur die eienaar waar grond gehuur word of van die verbandhouer as daar 'n verband oor die grond is

Kontak ons:

Vir meer besonderhede
kontak die OrbiServe span:

Adriaan Snyman

082 574 5708

Albré Badenhorst

083 263 5489

Jana van der Westhuizen

072 211 0183

E-pos: info@orbiserve.co.za

www.orbiserve.co.za

Makelaar/Agent se Besonderhede

Naam:

Kontaknommer:

Epos adres:
